

Demokrasie en demokratisering in Afrika: Deel 1 Konsepte, teoretiese benadering, historiese oorsig en huidige stand

Chris Nelson

Chris Nelson: Navorsingsgenoot, Fakulteit Krygskunde, Universiteit Stellenbosch

Opsomming

Die verval van Marxisme-Leninisme in die Sowjetunie en sy Oos-Europese satellietstate aan die einde van die tagtigerjare van die 20ste eeu het 'n golf van demokratisering tot gevolg gehad wat politieke ontwikkelings regoor die wêreld diepgrondig beïnvloed het. Terwyl die demokratiseringsproses in die meeste wêrelddele met aansienlike sukses geïnisieer en gekonsolideer is, was dit in Afrika nie die geval nie. Meer as 20 jaar sedert die proses begin het, word slegs die klein eilandstaat Mauritius as 'n volwaardige demokrasie beskou. Die oorblywende 53 state word geklassifiseer as gebrekkige demokrasieë, hibriede stelsels, of volslae outokrasieë. Afgesien van die Midde-Ooste word Afrika steeds as die mees ondemokratiese en swaks-geregeerde streek in die wêreld beskou. Dit is dus nie vreemd dat die demokratiese transformasieproses in Afrika deur sommige navorsers as oorgang sonder verandering beskryf word nie. In hierdie artikel word, aan die hand van 'n literatuurstudie, die belangrikste politieke-kultuur-, politieke-elite-keuse- en makrostrukturele faktore bespreek wat die problematiek verbonde aan die demokratiseringsproses ten grondslag lê. Die politieke-kultuur-faktore wat behandel word, is die bestaan van 'n onderworpe politieke kultuur gekombineer met parogiale politieke oriëntasies en die bestaan van onderontwikkelde en ongeorganiseerde burgerlike samelewings. Die politieke-elite-keuse-faktore is die voortgesette konsentrasie van mag in die hande van die uitvoerende gesag (president); die versuim van politieke partye om as demokratiserings agente op te tree; die begrensing van mediavryheid deur die politieke elite onder die dekmantel van veiligheid, ontwikkeling of openbare belang; en die aftakeling deur die politieke elite van die skeiding tussen staat en regerende party. Die makrostrukturele faktore wat behandel word, is die lae vlakke van sosio-ekonomiese ontwikkeling, die voorkoms van konflik en geweld, en die verdelende effek van etnisiteit. Ten einde die bespreking van die onderskeie faktore in perspektief te stel sal die konsepte *demokrasie* en *demokratisering* aan 'n saaklike ontleding onderwerp word. Dit word gevolg deur 'n uiteensetting van die belangrikste demokratiseringsteorieë en die teoretiese benadering wat hier gevolg word. Daarna volg 'n historiese oorsig van Afrika se politieke ontwikkeling. Laastens word die huidige stand van demokrasie op die vasteland beskryf.

Trefwoorde: demokrasie; demokratisering; demokratiese konsolidasie; burgerlike sameleving; politieke kultuur; politieke elite; etnisiteit; neopatrimonialisme; mediavryheid; sosio-ekonomiese ontwikkeling

Abstract

Democracy and democratisation in Africa: Part 1

Concepts, theoretical approach, historical overview and current state

The end of the 1980s not only witnessed the demise of Marxist-Leninist authoritarianism in the former Soviet Union and its Eastern European satellite states, but also heralded the arrival of liberal democracy as the triumphant form of government. As this new wave of democracy engulfed the international system, many states threw off the authoritarian yoke and by adopting new democratic constitutions and holding free and fair elections, took up their rightful positions in the international community. This new wave of democracy also swept through Africa. After decades of suffering under dictatorial regimes of almost every imaginable type, most African societies embarked hopefully on the new promising road to democracy and freedom.

The enthusiasm generated by the process of democratisation in Africa is evidenced by the fact that between 1990 and 1994 no fewer than 38 multiparty elections were held throughout the continent. Even the National Party government in South Africa made the momentous decision to abandon its policy of apartheid in favour of a negotiated settlement and the establishment of an inclusive democracy. This radical departure from a policy on which the party had remained steadfast since 1948 and which motivated the African National Congress (ANC) during the sixties to embark on a campaign of armed resistance, is generally regarded as one of the most dramatic and significant developments in the African democratisation process.

However, in sharp contrast with the rest of the world, where the process of democratisation had been initiated and consolidated with a great measure of success, the process on the African continent met with only meagre results. In actual fact, after more than 20 years of democratisation, only the small island state of Mauritius is presently regarded as a fully-fledged democracy in Africa. The remaining 53 states, including South Africa, are classified as flawed democracies or hybrid or authoritarian systems. With the exception of the Middle East, Africa still remains the most undemocratic and poorly governed region in the world. Understandably, the process of democratic transformation in Africa has been described as transition without change (Premph 2007).

The purpose of this article is to identify, by means of a literature study, the political culture, the political elite choice and the macrostructural factors that were responsible for the fact that the democratisation process initiated during the early nineties in Africa did not deliver more substantial results. Where applicable the impact of these factors on the process of democratic consolidation in contemporary South Africa, will also be highlighted.

In order to provide the necessary background this article first elaborates briefly on the concepts democracy and democratisation. Such an analysis is deemed vital because of the many misinterpretations that surround the term democracy as well as the various significant theoretical contributions that appeared regarding the process of democratisation.

Secondly, the main democratisation theories as well as the theoretical approach on which this article is based is outlined. Rather than selecting a specific approach from among the existing democratization theories, an eclectic or integrative approach has been followed.

Thirdly, a brief overview of the political history of the African continent will be presented. The structures and experiences to which African societies were exposed during the pre-colonial, colonial and post-colonial periods were of such a nature that current political problems, attitudes, values, beliefs, policies and structures can be fully understood only if viewed in their historical context.

Fourthly, the current state of democracy in Africa is outlined. It has already been indicated that the state of democracy on the continent leaves much to be desired. However, authoritative figures regarding this matter will demonstrate just how severely the democratisation process was actually affected by the factors that are discussed in the article.

As stated earlier, the main focus of this article is to identify the political culture, the political elite choice and the macrostructural factors that underlie the problematic nature of the democratisation process in Africa.

Regarding the political culture factors the following will be addressed: first the existence of a subject political culture in combination with parochial political orientations. In order to determine what type of political culture best sustains a democratic system of government, political scientists draw a distinction between participatory, subject and parochial cultures, or a combination of these cultures referred to as a civic culture. In Africa the process of democratic transformation in most states is hampered by a subject political culture in combination with parochial political orientations, mainly as a result of the process of democratisation of disempowerment.

The second political culture factor obstructing democratisation in Africa is the existence of underdeveloped and poorly organised civil society organisations. These associations and organisations are not only incapable of protecting the private interests of ordinary citizens, but are also unable to keep a check on the activities of government. Even though an upswing in the establishment of new civil society organisations is noticeable in recent times, civil society in general remains weak and poorly organised in most states.

With reference to the political elite choice factors, the first that is dealt with is the continued concentration of political power in the hands of the executive, especially the president. This phenomenon is perhaps the most serious threat to the successful consolidation of democracy in Africa because it is directly responsible for the widespread occurrence of the corrupt practices associated with neopatrimonialism, prebendalism and the so-called imperial presidency. In terms of these practices the formal architecture of a democratic state – legislation restricting governmental action, constitutions, the rule of law, written and unwritten rules and customs – is combined with the informal reality of the personal and arbitrary exercising of power by the creation – with the use of public funds – of an elaborate system of patron-client relationships stretching from the president down to the lowest levels of officialdom as well as the ordinary citizens.

The second political elite choice factor negatively affecting democratisation in Africa is the failure of political parties to act as democratising agents. It is widely accepted by scholars that most political parties on the continent are inefficient vehicles of democracy because, inter alia, they (i) are plagued by a democratic deficit, (ii) suffer from bureaucratic-oligarchic syndrome (BOS), (iii) are sustainable only on the elite level, (iv) are based on ethnic and regional loyalties and are interested in power only in order to utilise the resources and personnel of the state for selfish purposes.

The third political elite choice factor regarded as a hindrance to democratisation in Africa is the widespread infringement on media freedom. Throughout the democratic world it is accepted that freedom of the media is the lifeblood of any democratic system. However, in most African states the ruling elites purposefully try to manipulate the free flow of information. This desire by the leadership to stifle public opinion appears to be so strong that freedom of the media is regularly curtailed, even on the pretext that such action is in the public interest or necessary to protect national security or promote rapid economic development.

The fourth political elite choice factor inhibiting successful democratic consolidation in Africa is the deliberate dismantling of separation between state and ruling party. In most states it is difficult to determine the boundary between party and state. This state of affairs can best be explained by the widespread incidence of dominant party systems as well as the assumptions on which the main types of political parties in Africa are based. Of special significance regarding the latter are the attempts by revolutionary and left-wing parties to deliberately create so-called party states.

Regarding the macrostructural factors, the following are important: firstly, the low levels of socio-economic development in almost every African state. Modernisation theorists are unanimous in their belief that for a democratic system to survive it needs high levels of socio-economic development. However, when surveying the African continent it is noticeable that it is the only region in the world that has become poorer over the past 25 years. Widespread poverty is perhaps the most salient characteristic of every African society. Indicative of the dire situation is the fact that only two of the 54 states on the continent are not included in the lowest third of the Human Development Index (HDI) of the United Nations Development Program (UNDP).

The second macrostructural factor inhibiting democratic transition is the incidence of conflict and violence in many states. In terms of democratic peace theory the establishment of a democratic system of government should bring about a more peaceful society. However, in Africa this is not happening. On the contrary, conflict and violence in and among states are still evident despite the democratisation process. It even appears as if the democratisation process itself is generating conflict and violence.

The third macrostructural obstacle is the divisive influence of ethnicity. According to observers politicised ethnic relations and the politics of ethnic mobilisation are not only the main sources of conflict in Africa since independence, but also the main stumbling block in the socio-economic development of most states. Indicative of the divisive effects of ethnicity in the political life of many African states are the formation of ethnically inspired opposition movements, guerrilla insurgencies, and separatist movements. In extreme cases ethnicity has even led to the partitioning of states and acts of genocide.

Key words: democracy; democratisation; democratic consolidation; civil society; political culture; political elite; ethnicity; neopatrimonialism; media freedom; socio-economic development

1. Inleiding

Na die verval van Marxisties-Leninistiese outoritarisme in die voormalige Sowjetunie en sy Oos-Europese satellietstate aan die einde van die tagtigerjare van die 20ste eeu het liberale demokrasie universeel na vore getree as die dominante owerheidsvorm. Met die nuwe demokratiese golf wat oor die wêreld gespoel het, het tientalle state die outoritêre juk afgewerp en deur vrye en regverdige verkiesings en die aanvaarding van nuwe grondwette hul plek as legitieme rolspelers in die internasionale gemeenskap ingeneem. Afrika was uiteraard nie van die proses uitgesluit nie en het insgelyks met 'n demokratiseringsproses van ongekende omvang begin. Na dekades van onderdrukking deur diktatoriale regimes van haas elke denkbare soort het samelewings regoor die vasteland die nuwe en belowende weg van demokrasie betree.

Die entoesiasme waarmee die demokratiseringsproses aangepak is, blyk uit die feit dat tussen 1990 en 1994 veelpartyverkiesings in nie minder nie as 38 state in Afrika plaasgevind het. Selfs die Nasionale Party-regering in Suid-Afrika, wat sedert 1948 'n beleid van apartheid ten aansien van die onderskeie etniese groeperings in werking gestel het en as gevolg daarvan sedert die sestigerjare in 'n weerstandsoorlog met die African National Congress (ANC) gewikkel was, het besluit om afstand te doen van die beleid en hom deur 'n vreedsame, onderhandelde skikking te beywer vir die vestiging van 'n inklusiewe demokrasie. Hierdie gebeurtenis word allerweë as een van die mees dramatiese en betekenisvolle ontwikkelings in die demokratiseringsproses in Afrika beskou.

In teenstelling met die res van die wêreld, waar die demokratiseringsproses met 'n groot mate van sukses geïnisieer en gekonsolideer is, het die oorgang in Afrika nie die verwagte resultate opgelewer nie. Na meer as twee dekades word uit die 54 state op die vasteland slegs Mauritius, met 'n bevolking van ongeveer 1,2 miljoen mense, as 'n volwaardige demokrasie beskou. 'n Verdere agt state, waaronder Suid-Afrika, word as gebrekkige demokrasieë geklassifiseer, terwyl die res, in wisselende mate, steeds in die greep van outoritarisme vasgevang is. Daar heers gevolglik wye eenstemmigheid onder navorsers dat Afrika, naas die Midde-Ooste, die mees ondemokratiese en swaks-geregeerde streek in die wêreld is. Ontleders soos H. Kwasi Prempeh (2007) is selfs die mening toegedaan dat die demokratiese oorgangsproses in Afrika as oorgang sonder verandering beskryf kan word.

Die doel van hierdie artikel is om, aan die hand van 'n literatuurstudie, die belangrikste politieke-kultuur-, politieke-elite-keuse- en makrostrukturele faktore te bespreek wat daarvoor verantwoordelik is dat die demokratiseringsproses wat in die vroeë negentigerjare in Afrika van stapel gestuur is, nie meer substantiewe resultate getoon het nie.

Die werkswyse wat gevolg word, is om agtergrondshalwe eerstens die konsepte *demokrasie* en *demokratisering* saaklik toe te lig. Die konseptuele ontleding word as belangrik beskou, aangesien daar verskeie wanopvattings bestaan oor die presiese betekenis van die konsep demokrasie en verskeie belangrike teoretiese bydraes ten opsigte van die demokratiseringsproses die afgelope dekades gelewer is.

Tweedens word die belangrikste demokratiseringsteorieë geïdentifiseer en die teoretiese benadering wat die artikel ten grondslag lê, aangedui. Eerder as om een van die bestaande teoretiese benaderings ten opsigte van demokratisering te kies word 'n geïntegreerde of eklektiese benadering gevolg.

Derdens word 'n breë oorsig van Afrika se politieke ontwikkeling verskaf. Strukture en ondervindings waaraan samelewings gedurende die prekoloniale, koloniale en postkoloniale tydperke blootgestel was, was van sodanige aard dat geen begrip gevorm kan word van die redes waarom die demokratiese oorgangsproses tot dusver nie meer beduidende resultate opgelewer het as dit nie in historiese perspektief geplaas word nie.

As deel van die agtergrondskets sal vierdens 'n kort oorsig gegee word van die huidige stand van demokrasie in Afrika. Soos reeds gemeld, is dit swak. 'n Saaklike uiteensetting van die presiese omvang daarvan word nietemin as belangrik beskou.

Soos in die doelformulering gestel, is die primêre fokus van hierdie artikel egter die identifisering en bespreking van 'n aantal politieke-kultuur-, politieke-elite-keuse- en makrostrukturele faktore wat daarvoor verantwoordelik is dat die demokratiseringsproses in Afrika nie as 'n suksesverhaal van betekenis beskou kan word nie. Dit moet beklemtoon word dat daar in die bespreking ook aangedui sal word in welke mate sommige van hierdie faktore die demokratiese konsolidasieproses in Suid-Afrika beïnvloed het en steeds beïnvloed.

Die politieke-kultuur-faktore waaraan aandag gegee word, is die bestaan van 'n onderworpe politieke kultuur in kombinasie met parogiale politieke oriëntasies en die bestaan van onderontwikkelde en ongeorganiseerde burgerlike samelewings.

Betreffende die elite-keuse-faktore sentreer die bespreking om die voortgesette konsentrasie van regeringsmag in die hande van die uitvoerende gesag (president); die versuim van politieke partye om as demokratiseringsagente op te tree; die wydverspreide begrensing deur die politieke elite van mediavryheid onder die voorwendsel van ontwikkeling, veiligheid of die openbare belang; en die aftakeling deur die politieke elite van die skeiding tussen staat en regerende party.

Ten opsigte van die makrostrukturele faktore word die bespreking gewy aan die lae vlakke van sosio-ekonomiese ontwikkeling, die voorkoms van konflik en geweld, en die verdelende effek van etnisiteit.

2. Die konsepte *demokrasie* en *demokratisering*

2.1 *Demokrasie*

Dit is belangrik om uit die staanspoor te beklemtoon dat ofskoon die ontstaan en ontwikkeling van demokrasie deur historici en politieke wetenskaplikes as een van die mees

dramatiese en betekenisvolle ontwikkelings in die politieke geskiedenis van die mensdom beskou word, daar geen definisie vir die konsep bestaan wat universele aanvaarding geniet nie (Heywood 2002:67). Gestroop van alle beklemtonings en interpretasies verwys demokrasie egter essensieel na 'n owerheidsvorm waar die mag en reg om oor belangrike openbare beleidsrigtings te besluit by die burgers of hul verkose verteenwoordigers berus.

Waarskynlik is die beste en mees aanvaarbare vroeë definisie en beskrywing van demokrasie geformuleer deur 'n voormalige Amerikaanse president, Abraham Lincoln. In sy beroemde toespraak te Gettysburg op 19 November 1863, tydens die hoogtepunt van die Amerikaanse burgeroorlog, het hy demokrasie beskryf as regering van die mense, deur die mense, vir die mense (Heywood 2002:68).

In die moderne era is daar 'n neiging om demokrasie op twee maniere te definieer, naamlik op 'n minimalistiese en 'n maksimalistiese wyse. Minimalistiese of prosedurele definiëring (waarmee Joseph Schumpeter reeds in die vorige eeu vorendag gekom het) sentreer om aspekte soos vrye en regverdige verkiesings, universele volwasse stemreg en basiese regte en vryhede. Maksimalistiese of substantiewe uitkomsgefokuste definiëring, daarenteen, verleen veral prominensie aan die aspek van verantwoordbaarheid en die verskillende dimensies daarvan, naamlik horisontale verantwoordbaarheid (meganismes binne regeringstrukture om verantwoordbaarheid te verseker), vertikale verantwoordbaarheid (meganismes beskikbaar vir die burgers om politieke leiers verantwoordbaar te hou) en samelewingsverantwoordbaarheid (die waghondfunksies van die burgerlike assosiasies, nieregeringsorganisasies en die media) (Rakner, Menocal en Fritz 2007:6–7; Mair 2008:113).

In die afwesigheid van 'n universeel-aanvaarde definisie van *demokrasie* sal vir die doel van hierdie artikel met die politieke wetenskaplike, Samuel Finer (1970:62–74) se bekende stipulatiewe definisie daarvan volstaan word. Volgens Finer is demokrasie 'n owerheidsvorm wat op bepaalde uitgangspunte gebaseer is en sekere eiensortige kenmerke openbaar. Betreffende die uitgangspunte is die volgende van belang:

- Eerstens ontleen 'n demokratiese owerheidsvorm sy ontstaan aan die openbare mening. Dit beteken nie alleen dat daar ruimte geskep moet word sodat die openbare mening vrylik geartikuleer kan word nie, maar ook dat die verkose regering daarteenoor verantwoordbaar is.
- Tweedens word dit in 'n demokrasie aanvaar dat in die afwesigheid van eenstemmigheid, die meerderheid se wil sal seëvier. In die lig daarvan dat demokrasie dus meerderheidsregering impliseer, is dit van belang dat stemreg aan soveel burgers as moontlik verleen sal word en dat vrye en regverdige verkiesings gereeld sal plaasvind. In die geval van omstrede kwessies is dit nodig dat die meerderheidsiening by wyse van 'n spesiale prosedure soos 'n referendum of plebissiet bepaal word.
- Derdens vervul die regering in 'n demokrasie slegs 'n beperkte rol. Hierdie uitgangspunt impliseer dat die regering binne 'n raamwerk van outonome, spontaan-selfskeppende vrywillige assosiasies funksioneer. In ag genome die feit dat die regering slegs op die randgebied van die maatskaplike lewe opereer, moet dit enige maatreëls ter regulering van vrywillige assosiasies deeglik motiveer.

- Vierdens word in 'n demokrasie die pluralisme van 'n samelewing aanvaar. Dit beteken nie alleen dat die samelewing uit 'n veelheid van instellings, assosiasies en kultuurgroepe bestaan nie, maar ook dat die regering elke assosiasie, instelling en kultuurgroep se outonomie en regte sal erken en beskerm.
- Laastens word in 'n demokratiese owerheidsvorm ontken dat daar enige objektiewe wetenskap van samelewing of moraliteit is. Daarteenoor word van die standpunt uitgegaan dat die waarheid in vryheid van individuele denke en die gelykwaardigheid van individuele sienings en oortuigings geleë is. Die gevolge hiervan is verdraagsaamheid en die kwalifikasie van meerderheidsregering.

Die essensiële eienskappe wat 'n demokratiese owerheidsvorm vertoon, is volgens Finer (1970:66–74) die volgende:

- Eerstens word in elke demokrasie 'n verteenwoordigende verkose wetgewende liggaam aangetref wat wetgewing aanneem wat op die hele samelewing van toepassing is. Dit impliseer nie alleen die bestaan en beskerming van 'n omvattende stel burgerregte en vryhede nie, maar ook die hou van vrye en regverdigde verkiesings op 'n gereelde grondslag.
- Tweedens bestaan daar in elke demokrasie 'n verkose staatshoof of president, alhoewel uitsonderings moontlik is in konstitusionele monargieë.
- Derdens word 'n demokrasie gekenmerk deur 'n uitvoerende gesag wat uit persone met professionele en tegniese kundigheid bestaan en met twee hooftake belas is, naamlik die uitvoering van wetgewing en die lewering van advies aan die beleidmakers oor die formulering van beleid.
- Vierdens omsluit elke demokrasie 'n stel maatskaplike en ekonomiese wigte en teenwigte. Dit impliseer 'n wye netwerk van sentra van private mag, elk met die belangrike taak om as 'n remskoen op te tree ten einde die mag van die regering te beperk en te beteuel.
- Vyfdens onderskei 'n demokratiese owerheidsvorm hom van ander regime-tipes deur die bestaan van 'n stel politieke wigte en teenwigte. Die bestaan van politieke wigte en teenwigte is nie alleen die vergestaltung van die Hobbesiaanse beskouing dat ware vryheid in die opkerf van mag geleë is nie, maar dien veral om die status en belangrikheid van minderhede en die pluraliteit van die samelewing in die algemeen te beklemtoon en elkeen se belange te beskerm. Die wyse waarop die stelsel van politieke wigte en teenwigte funksioneer, word normaalweg in 'n geskrewe grondwet uiteengesit. Politieke wigte en teenwigte neem drie vorms aan, naamlik die verdeling van mag tussen die wetgewende, uitvoerende en regsprekende instellings; die verspreiding van mag tussen nasionale, streeks- en plaaslike regeringsinstellings; en 'n tweekamerstelsel ten aansien van die wetgewende instelling.

Dit is interessant dat sommige navorsers van beskrywende/kwalifiserende woorde gebruik maak om sekere aspekte van demokrasie, soos hier bo gedefinieer, te beklemtoon. So byvoorbeeld word daar verwys na deelnemende demokrasie (om die belangrikheid van die openbare mening en universele volwasse stemreg te beklemtoon); liberale demokrasie (om beperkte regering en individuele vryheid te beklemtoon); konstitusionele demokrasie (om populêre soewereiniteit en die beperkings op die regering in 'n geskrewe grondwet te beklemtoon); en verteenwoordigende demokrasie (om individuele vryheid en die belangrikheid van stemreg te beklemtoon).

Ten einde die ontwikkelingsgang van demokrasie in die moderne geskiedenis in perspektief te plaas, kan verwys word na die navorsing wat die politieke wetenskaplike Huntington (1991:16) in hierdie verband gedoen het. Hy het drie fases of golfbewegings in die ontwikkeling van demokrasie geïdentifiseer. Die eerste fase het tussen 1828 en 1926 plaasgevind toe die VSA, Frankryk en die Verenigde Koninkryk begin het om die oorgang na demokrasie te maak. Die tweede fase het gestrek vanaf 1943 tot 1962 en het Wes-Duitsland, Italië, Japan en Indië betrek. Die derde fase het in 1974 'n aanvang geneem met die omverwerping van diktatoriale stelsels in Griekeland, Portugal en Spanje, die beëindiging van militêre regimes in Latyns-Amerika en die verval van Marxisme-Leninisme in die Sowjetunie en Oos-Europa aan die einde van die tagtigerjare. Uiteindelik sou hierdie derde demokratiese golf die ganse internasionale stelsel tref, insluitende Afrika.

2.2 Demokratisering

Die term *demokratisering* verwys na die oorgang vanaf 'n outoritêre stelsel na 'n demokrasie. Die heersende sienings oor die uitstaande kenmerke van die oorgangsproses word soos volg deur Heywood (2002:81) opgesom: Eerstens, die verlening aan alle burgers van basiese vryhede en in die besonder politieke regte. Tweedens, die hou van kompeterende verkiesings op 'n gereelde, vrye en regverdige grondslag. Derdens, die inwerkingstelling van ekonomiese-hervormingsmaatreëls ter vestiging van 'n vryemark ekonomiese stelsel (veral in postkommunistiese stelsels).

Die demokratiseringsproses omsluit, volgens Heywood (2002:81) se samevatting van heersende idees, die volgende drie fases, waarvan sommige soms oorvleuel:

- Die eerste fase is die ineenstorting van die heersende regime as gevolg van 'n totale verlies aan legitimiteit (*rightfulness*). Regimes verloor hul legitimiteit normaalweg vanweë ekonomiese verval en die verdwyning van lojaliteit deur die gewapende magte.
- Die tweede fase behels die oprigting en konstruksie van nuwe liberaal-demokratiese strukture en prosesse. Dit geskied meestal na 'n uitgerekte onderhandelingsproses.
- Die derde fase staan bekend as die demokratiese konsolidasiefase. Gedurende hierdie fase word die nuwe strukture en prosesse geïnternaliseer (*embedded*) en sowel die elite-groepe as die burgers word in so 'n mate gesosialiseer dat die verwydering of verdwyning van demokrasie vir almal ondenkbaar word en beskou word as die enigste spel wat werd is om gespeel te word (*the only game in town*).

Dit is belangrik om te meld dat die eerste fase baie lank kan neem om voltooi te word en dat die tweede en derde fases dikwels deur terugslae en onderbrekings gekenmerk word. Dit word treffend geïllustreer deur die demokratiseringsproses in kontemporêre Afrika wat reeds vir meer as twee dekades in swang is, maar nog nie met wydverspreide sukses gekonsolideer is nie.

Die belangrikste teoretiese bydrae ten aansien van die wyse waarop die demokratiseringsproses plaasvind, is deur die bekende politieke wetenskaplike Robert Dahl

(1971) gelewer. Hy het reeds gedurende die sewentigerjare van die vorige eeu aangetoon dat demokratisering twee dimensies omsluit, naamlik liberalisering (die reg om vir openbare posisies mee te ding) en inklusiwiteit (die reg om deel te neem).

Daar kan volgens Dahl (1971) drie paaie na 'n poliargie (demokrasie) onderskei word. Die eerste is waar liberalisering inklusiwiteit voorafgaan. Wat normaalweg gebeur, is dat 'n geslote hegemonie in 'n kompeterende oligargie verander deurdat 'n geselekteerde groep individue toegelaat word om vir openbare posisies mee te ding. Die kompeterende oligargie verander in 'n poliargie deur stemreg aan die burgers te verleen. Voorbeelde hiervan is Brittanje en die VSA. Die tweede weg is waar 'n geslote hegemonie die burgers toelaat om aan sy aktiwiteite deel te neem. Die inklusiewe hegemonie wat so ontstaan word 'n poliargie wanneer die geleenthede om vir openbare poste mee te ding vergroot word. Dié weg is in Duitsland gevolg met die vorming van die Weimar-republiek. Die derde pad wat Dahl onderskei, is waar liberalisering en inklusiwiteit gelyktydig voorkom, soos in Frankryk die geval was vanaf 1789 tot 1792.

Volgens Dahl is die eerste en tweede weë die moeilikste, omdat hoe meer mense betrokke is, hoe meer word besluitneming gekompliseer. Verder verklaar hy dat die eerste weg die veiligste en betroubaarste is, maar in die toekoms die onwaarskynlikste is, omdat meeste hegemoniese regimes reeds inklusief is.

Dahl is verder die mening toegedaan dat kompeterende stelsels binne 'n onafhanklike staat gevorm kan word deur evolusie, politieke verval of revolusie. In afhanklike state (kolonies) is die vorming van 'n kompeterende stelsel moontlik deur evolusie of 'n nasionale onafhanklikheidsstryd.

In sy teoretisering oor die wyse waarop die demokratiseringsproses plaasvind, wys Rummel (1996) daarop dat die proses soos volg voltrek kan word. Eerstens kan dit op evolusionêre wyse geskied, soos in Brittanje, waar die burgers oor 'n tydperk van eeue daarin geslaag het om die outoritêre vorste te dwing om politieke regte aan alle mense te verleen. Tweedens kan dit op revolusionêre wyse plaasvind, soos tydens die Franse en Amerikaanse Revolusies. (Die "Arabiese Lente" sou ook as voorbeeld kon dien, alhoewel dit tans nie bekend is of demokratiese stelsels uiteindelik in die betrokke state gevestig sal word nie.) Derdens kan die regerende elite 'n demokratiseringsproses in werking stel, soos dikwels in Suid-Amerika gebeur het. Laastens kan 'n demokrasie deur buitelandse ingryping gevestig word, soos in die geval van Wes-Duitsland en Japan.

Die politieke wetenskaplike Welzel (s.j.:87–8) het selfs verder gegaan en die volgende tipologie van demokratiseringsprosesse ontwikkel. Die eerste tipe is verligte demokratisering, waar die elite selfs in die afwesigheid van populêre instemming of druk demokratiese beginsels aanvaar en toepas. Tweedens kan responsiewe demokratisering onderskei word. Dit is die dominante vorm van demokratisering soos wêreldwyd toegepas tydens die jongste demokratiese golfbeweging. Die derde tipe is opportunistiese demokratisering, wat verwys na die demokratisering wat bewerkstellig is sedert die Washington-konsensus en waar Westerse krediet gekoppel is aan goeie regeringsbestuur. Die vierde tipe is gedwonge demokratisering,

wat tiperend is van die demokratiseringsproses in Wes-Duitsland, Italië, Oostenryk en Japan. Meer onlangs het hierdie tipe demokratisering ook in Irak en Afghanistan plaasgevind.

Interessante aspekte wat deur Welzel (s.j.:88) beklemtoon word, is dat in die verligte, gedwonge en opportunistiese tipes demokratisering die elite instem tot demokratisering, ten spyte van die afwesigheid van aandrang of druk deur die burgers om dit te doen. Van hierdie drie tipes is dit egter slegs in die verligte tipe demokratisering dat die elite demokratiese vryhede effektief respekteer. In die gedwonge en opportunistiese tipes demokratisering is dit nie die geval nie. Responsiewe demokratisering is die enigste tipe demokratisering waar demokrasie maatskaplik geïnternaliseer word en gevolglik maatskaplik volhoubaar is.

Uit die uiteensettings van bogemelde navorsers blyk dit dat demokratisering “van bo af”, “van onder af” of “van buite af” kan geskied. Soms gebeur dit dat demokratisering plaasvind nadat verskillende partye of politieke rolspelers ’n onderhandelde skikking bereik het. In die bespreking hier onder word die verskillende wyses aangedui waarop die demokratiseringsproses in Afrika gedurende die derde demokratiese golfbeweging geïnisieer is. Die hoofdoel is egter om die belangrikste samelewings- en strukturele faktore te identifiseer en om te bespreek waarom die konsolidasiefase nie met meer beduidende sukses op die vasteland voltrek is nie.

3. Teoretiese benadering

Die ontstaan van die derde demokratiese golfbeweging in die internasionale stelsel het daartoe gelei dat navorsers opnuut begin worstel het met die vraag oor hoe en waarom ’n demokratiese bestel tot stand kom en hoe en waarom dit in sommige state gekonsolideer word, terwyl dit in ander state nie die geval is nie. Die literatuur wemel van bydraes wat gelewer is om antwoorde op hierdie tergende vrae te kry. Bekende navorsers wat met teoretiese benaderings vir die bestudering van demokratisering spesifiek binne die Afrika-konteks vorendag gekom het, was Michael Bratton en Nicolas van de Walle (1997:19-48). Hulle het etlike benaderings ten aansien van demokratisering aangedui, naamlik die strukturele versus die kontingente verklarings, die internasionale versus die huishoudelike verklarings, die ekonomiese versus die politieke verklarings, en ’n politieke-institusionele benadering.

Volgens die politieke wetenskaplike Christian Welzel (2006:872-3), wat verbonde is aan die Internasionale Universiteit van Bremen, is dit egter moontlik om uit al die gelewerde bydraes drie toonaangewende teoretiese benaderings in die studie van demokrasie en demokratisering te onderskei. Eerstens kan die politieke-kultuur-teorie onderskei word. Teoretici wat hierdie benadering ondersteun, huldig die standpunt dat die sukses al dan nie van demokratisering primêr bepaal word deur die ingesteldhede van die burgers (die massas) jeens die proses.

Tweedens onderskei Welzel (2006:873) die elite-keuse-teorie. Ingevolge hierdie teorie word die sukses of mislukking van ’n demokratiseringsproses grootliks bepaal deur die wyse

waarop die elite die proses hanteer en bestuur. Selfs in gevalle waar omvangryke demonstrasies en optrede deur die burgers (die massas) voorkom (soos tans gedemonstreer in die Arabiese Lente), sal die uitkoms van die demokratiseringsproses uiteindelik deur die elite se keuses en optrede bepaal word.

Derdens is daar 'n aantal strukturele teorieë. Hierdie teorieë beskou die sukses of mislukking van die demokratiseringsproses as 'n funksie van 'n samelewing se makrostrukturele eienskappe, soos die vlak van sosio-ekonomiese ontwikkeling, interne sosiale en etniese verdelings, posisie in die wêreld ekonomie en geopolitieke ligging. Ter illustrasie verwys Welzel (2006:873) na (i) moderniseringsteorie, wat van die standpunt uitgaan dat ekonomiese welvaart die demokratiseringsproses op beslissende wyse bepaal; (ii) klasmag-teorie, wat die grootte van die werkersklas as van groot belang ag; (iii) die wêreldstelsel-teorie, wat posisie in die wêreld ekonomie as deurslaggewend beskou; (iv) konflikteorie, wat interne verdelings soos ongelyke inkomsteverdeling en etnies-linguïstiese verskille belangrik ag; en (v) ruimtelike-diffusie-teorie, wat die blootstelling aan buurstate en hul ingesteldheid jeens demokratisering as van primêre belang beskou.

In die evaluering van die toepaslikheid van voorgemelde drie teoretiese benaderings vir doeleindes van hierdie artikel, is tot die slotsom gekom dat geen enkele benadering uitgesonder kan word om die problematiek verbonde aan die demokratiseringsproses in Afrika bevredigend te verklaar nie. Daar is gevolglik besluit om eerder 'n geïntegreerde of eklektiese benadering te volg en van al drie teoretiese benaderings, of elemente daarvan, gebruik te maak ter beantwoording van die vraag oor welke faktore daarvoor verantwoordelik is dat die demokratiseringsproses in Afrika na langer as twee dekades nie meer substantiewe resultate opgelewer het nie.

4. 'n Kort historiese oorsig van Afrika se politieke ontwikkeling

Om tot 'n sinvolle begrip te kom van die huidige stand van demokrasie in Afrika en die problematiek verbonde aan die responsiewe demokratiseringsproses wat besig is om regoor die vasteland plaas te vind, is dit belangrik om dit in historiese perspektief te plaas. Volgens die kenner van samelewings en politieke prosesse in Afrika, Peter Schraeder (2004:5), kan die evolusie van Afrika se politieke ontwikkeling opgedeel word in drie tydperke, naamlik die prekoloniale onafhanklikheids-era (voor 1884), die koloniale era (1884–1951) en die kontemporêre onafhanklikheids-era (1951 tot vandag). In die bespreking wat volg, sal van Schraeder se indeling gebruik gemaak word, aangesien dit noue aansluiting vind by die temas wat hier onder behandel word.

4.1 Die prekoloniale onafhanklikheids-era (voor 1884)

Die uitstaande kenmerk van hierdie periode in die politieke ontwikkeling van Afrika was die opkoms en verval van honderde, indien nie duisende nie, onafhanklike politieke stelsels.

Volgens Schraeder (2004:24–32) kan die politieke stelsels gedurende hierdie periode in twee tipes opgedeel word, naamlik gesegmenteerde en gesentraliseerde politieke stelsels.

Kenmerkend van die gesegmenteerde politieke stelsels was die afwesigheid van 'n staat of 'n erkende politieke gesag wat 'n stel reëls en beleidsrigtings vir die hele samelewing kon saamstel en afdwing. Alhoewel daar geen sentrale politieke gesag bestaan het nie, het talle gemeenskappe wel aan die vereistes van nasieskap voldoen deurdat lede dieselfde taal gepraat en dieselfde gebruike nagekom het. Gesegmenteerde politieke stelsels kan dus as nasies sonder state beskryf word. Van die belangrikste tipes gesegmenteerde stelsels waarna Schraeder (2004:24) verwys is die sibbe- of *clan*-stelsel van die jagter-versamelaarsgroepe (soos die San etniese groep); die klassieke gesegmenteerde stelsels (soos die Somali etniese groep); die universalisties-gesegmenteerde stelsels (soos die Maasai etniese groep); die ritueel-gestratifiseerde gesegmenteerde stelsels (soos die Sjilloek etniese groep); en die outonome-dorp-stelsels (soos die stadstate aan die Swahili-kus).

Die gesentraliseerde politieke stelsels, daarenteen, het nie veel verskil van die huidige nasiestate nie, naamlik een sentrale gesag (die staat) en een etniese groep (die nasie). In die praktyk het die gesentraliseerde politieke stelsels egter verskeie etniese groepe omsluit, ofskoon in die meeste gevalle een enkele etniese groep die dominante posisie beklee het. Voorbeelde van gesentraliseerde politieke stelsels was, volgens Schraeder (2004:30-2), die piramidale monargie (soos die Ojo-ryk van die Joroebas in hedendaagse Nigerië), die assosiasionele monargie (soos die Mende-monargie in hedendaagse Sierra Leone), en die gesentraliseerde monargie (soos die Zoeloe-ryk in hedendaagse Suid-Afrika).

Die Ekonomiese Kommissie vir Afrika (Economic Commission for Africa 2007:3-5) het in 'n verslag oor die relevansie van tradisionele regeringsinstellings in kontemporêre Afrika die prekoloniale politieke instellings ook in twee kategorieë ingedeel, naamlik die konsensusgebaseerde gedesentraliseerde politieke stelsels en die gesentraliseerde monargale politieke stelsels.

4.2 Die koloniale era (1884–1951)

Die koloniale era in Afrika het formeel in 1884 met die Kongres van Berlyn 'n aanvang geneem. In die sogenaamde wedloop om Afrika wat ná hierdie gebeurtenis sou volg, het die onafhanklike politieke stelsels in Afrika ophou bestaan en het die ganse vasteland, met die uitsondering van Ethiopië en Liberië, onder die beheer van sewe Europese state gekom, naamlik België, Brittanje, Frankryk, Duitsland, Italië, Portugal en Spanje (Schraeder 2004:50).

Die tydperk van Europese kolonialisme in Afrika het nie lank geduur nie (1884–1951). Desondanks het dit die binnelandse en internasionale politiek van die vasteland op ingrypende wyses verander. Die volgende impakte word deur Schraeder (2004:62-9) as die belangrikste beskou: (i) die toepassing van die Europese nasiestaatsstelsel in Afrika; (ii) die verdeling van nasies tussen verskillende politieke entiteite (state); (iii) die inkorporering van verskillende nasies in een politieke entiteit (staat); (iv) die vernietiging van alle tradisionele

stelsels van wigte en teenwigte; (v) die versterking van patriargale regeringstelsels; (vi) die vestiging van outoritêre beheer oor die gewapende magte; en (vii) die toepassing van 'n doelbewuste beleid van verdeel-en-heers.

Europese kolonialisme het ook uiters nadelige gevolge vir die sosio-ekonomiese ontwikkeling van die vasteland gehad. In die afwesigheid van eenstemmigheid in die literatuur ten aansien van die presiese aard en omvang van die betrokke impakte sal met Schraeder (2004:69–75) se opsomming volstaan word, naamlik: (i) die skep van geslote ekonomieë; (ii) die totstandbrenging van ekonomiese stelsels wat primêr gebaseer was op die uitvoer van 'n enkele landbouprodukt of 'n enkele grondstof; (iii) die vestiging van infrastrukturele ontwikkeling op wyses wat slegs die koloniale moondhede tot voordeel gestrek het; (iv) die versterking van geslagsvooroordeel in nasionale ontwikkelingsprogramme; en (v) die vestiging van outoritarisme in alle politieke en ekonomiese sfere.

4.3 Die kontemporêre onafhanklikheids-era (sedert 1951)

Een van die onafwendbare gevolge van Europese kolonialisme was die ontstaan van 'n onblusbare gees van nasionalisme en eise om nasionale selfbeskikking vir die onderskeie kolonies in Afrika (Osaghae en McGowan 2006:214-16). In die nuwe internasionale orde wat na die Tweede Wêreldoorlog tot stand gekom het en gedomineer is deur twee nuwe supermoondhede, die VSA en die USSR, is die oorlogsverswakte Europese moondhede gevolglik met geen ander keuse gelaat as om van hul koloniale besittings (met die uitsondering van Egipte, Liberië en Ethiopië wat reeds onafhanklik was) afstand te doen nie. Die verloop van die onafhanklikheidsproses word deur Birmingham (1995:1-61) in streeksverband verduidelik, terwyl Schraeder (2004: 82-84) die mening huldig dat die proses ten beste aan die hand van vier golfbewegings verduidelik kan word.

Die eerste golfbeweging het gedurende die vyftigerjare plaasgevind met die onafhanklikheidwording van Libië (1951), Marokko (1956), Tunisië (1956), Soedan (1956), Ghana (1957) en Guinee (1958). Die tweede beweging het gedurende die sestigerjare plaasgevind toe aan meer as 30 Britse en Franse kolonies in Wes-, Sentraal en Oos-Afrika onafhanklikheid verleen is. Die derde het ontstaan toe 'n aantal weermagoffisiere 'n staatsgreep in Portugal aan die begin van die sewentigerjare uitgevoer en aangekondig het dat onafhanklikheid aan alle Portugese kolonies in Afrika verleen sal word. Ander gebiede wat gedurende die sewentigerjare onafhanklik geword het, was die voormalige Franse kolonies Komoros (1975), Seychelles (1976) en Djibouti (1977). Die vierde golfbeweging het gedurende die tagtigerjare van die vorige eeu ontstaan en was primêr daarop gemik om 'n einde aan die blanke-beheerde gebiede in die huidige Namibië, Zimbabwe en Suid-Afrika (toe reeds 'n onafhanklike staat sedert 1961) te bring. Met die vestiging van 'n inklusiewe demokrasie in Suid-Afrika in 1994 is die onafhanklikheidsproses waarmee in 1951 in Noord-Afrika begin is, uiteindelik aan die suidpunt van die vasteland tot die bevrediging van almal voltrek.

Die meeste nuwe state wat as gevolg van die onafhanklikheidsproses gevestig is, sou egter nie as suksesvolle demokratiese stelsels die mas opkom nie. Die primêre oorsaak was geleë in 'n "outoritêre-demokratiese paradoks" (Schraeder 2004:223). Dit kom kortliks daarop neer dat van leiers in Afrika met onafhanklikheid verwag is om soos deurwinterde demokrate op te tree, terwyl hulle hul politieke skoling onder 'n outoritêre koloniale bedeling ontvang het. Verder is van hulle verwag om die Westminster- en Elysée-gebaseerde regeringsmodelle glad te laat funksioneer. Hierdie modelle, wat geskoei was op die Westerse demokratiese doktrine van magskeiding, was vreemd aan die politieke kultuur van Afrika en was gevolglik uit die staanspoor tot mislukking gedoem (Matlosa 2003:92).

Teen hierdie agtergrond was dit onafwendbaar dat die outoritêre-demokratiese paradoks deur die vroeë leierskap opgelos sou word deur die vestiging van eenpartystelsels waar mag toenemend in die hande van die leier gekonsentreer is. Die maatreëls wat getref is om hieraan beslag te gee, het behels die vul van poste in die staatsinstellings deur lojale ondersteuners; die verwerping van enige federale reëlings; die omskepping van wetgewende en regsprekende instellings in blote rubberstempels; die inhegtenisneming of verbanning van kritici uit die burgerlike samelewing; en die verbod op kompeterende politieke partye (Schraeder 2004:224).

Die vestiging van outoritêre eenpartystelsels deur die eerste geslag leiers van onafhanklike state in Afrika is, volgens Matlosa (2003:92), gerasionaliseer op grond daarvan dat sodanige stelsels 'n legitieme voortsetting was van veral die gesentraliseerde politieke stelsels wat tydens die prekoloniale periode bestaan het; dat demokratiese veelpartystelsels 'n verdelende effek op die samelewing het en nie die skepping van konsensus bevorder nie; en dat die liberaal-demokratiese stelsels wat deur die koloniale moondhede in Afrika gevestig is, vreemd is aan die politieke kultuur van Afrika. Verdere argumente wat aangevoer is, veral deur leiers wat Marxisme aangehang het, was dat eenpartystelsels 'n noodsaaklike voorhoede-rol te vervul het en die uiters noodsaaklike en snelle ekonomiese ontwikkeling nie daarsonder sou kon plaasvind nie (Schraeder 2004:224–5).

Die eksperimente met die eenpartystelsel was nie geslaagd nie en sou onafwendbaar daartoe lei dat sulke state weldra as verswakke of mislukte state bekend sou staan.

Gegewe hierdie besondere omstandighede, het die militêre leiers na vore getree as belangrike politieke rolspelers. Die mees algemene metode wat deur hulle gevolg sou word om politieke mag te bekom, was om 'n staatsgreep uit te voer (die skielike en onwettige omverwerping van die bestaande regering deur die weermag of elemente daarvan). Teen die einde van die sewentigerjare was meer as die helfte van state in Afrika onder militêre beheer (Decalo 1985:38). Die wydverspreide voorkoms van militêre regimes was op sekere mites gebaseer. Daar is onder meer aangevoer dat weermagte groter legitimiteit onder die breë bevolking geniet; meer effektief is; beter daartoe in staat is om stabiliteit te handhaaf; 'n beter verenigende struktuur daarstel; en beter daartoe in staat is om ontwikkeling te bevorder (Schraeder 2004:209–14).

Hierdie argumente het inderdaad geblyk bloot mites te wees, want die militêre bewinde het nie veel beter as die eenpartystelsels gevaar nie, met die gevolg dat die aandrang op die demokratisering van alle outoritêre regimes al feller geword het. Met die verval van Marxisme-Leninisme in die Sowjetunie en Oos-Europa (die hartland van eenpartystels) in die laat tagtigerjare van die vorige eeu en die ontstaan van die derde demokratiese golf regoor die wêreld as gevolg van hierdie gebeure, het die aandrang op demokratisering 'n hoogtepunt bereik en is daar met 'n demokratiseringsproses van ongekeerde omvang regoor Afrika begin.

Schraeder (2002:223) verwys na hierdie tydperk as Afrika se “tweede onafhanklikheid” of Afrika se “tweede bevryding”. Hy wys ook daarop dat die demokratiseringsproses nie op 'n uniforme wyse geïnisieer is nie, maar langs die weg van veelpartyverkiesings (tussen 1990 en 1994 het 38 state sodanige verkiesings gehou); die nasionale konferensie; geleide demokratisering (die proses is op eensydige wyse deur 'n charismatiese leier bestuur); en gekoöpteerde demokratisering (leiers het mag behou ten spyte van relatief vrye verkiesings). In etlike gevalle is die proses egter deur die heersers gemanipuleer deurdat verkiesings gehou is wat nie vry of regverdig was nie en waar die steel van stemme hoogty gevier het. In Somalië het die elite op die demokratiseringsproses gereageer deur in 'n burgeroorlog betrokke te raak.

5. Die huidige stand van demokrasie in Afrika

Waarnemers is dit met mekaar eens dat geen staat in Afrika gedurende die derde wêreldwye demokratiese golfbeweging en Afrika se tweede bevryding of tweede onafhanklikheid onaangeraak gelaat is nie. Alhoewel elke staat op die vasteland teen wil en dank genoodsaak was om op hierdie sterk sistemiese krag van verandering te reageer, kon baie min egter daarin slaag om alle fases van die demokratiseringsproses suksesvol in werking te stel. Volgens die gesaghebbende Amerikaanse instelling rakende die stand van demokrasie in die wêreld, Freedom House (2012), kon 'n skamele nege state (18 persent) in Sub-Sahara-Afrika (SSA) met die aanbreek van 2012 as “vry” beskou word. Die tipering “vry” verwys na state waar daar ope kompetisie om politieke mag bestaan, respek vir burgervryhede is, 'n beduidende onafhanklike burgerlike samelewing opereer en die media oor vryheid beskik.

Die state wat in hierdie kategorie geplaas word, sluit in Botswana, Kaap Verde, Ghana, Mali, Sao Tome en Principe, Suid-Afrika, Namibië, Benin en Mauritius. Volgens Herbst (2007:61–3) is die uitstaande eienskappe van hierdie groep state, wat almal in SSA geleë is, die volgende: Eerstens het die meerderheid, met die uitsondering van Suid-Afrika, klein bevolkingsgetalle. Tweedens vorm die gesamentlike bevolking van hierdie state slegs 12 persent van die totale bevolking van Afrika. Derdens is slegs twee state, naamlik Suid-Afrika en Botswana, mineraal-uitvoerders. Die ander state se uitvoerportefeuljes bestaan uit landbouprodukte.

'n Verdere 21 state (43 persent) in SSA is deur Freedom House as “gedeeltelik vry” geklassifiseer. In hierdie state is daar beperkte respek vir burgerregte en burgervryhede, maar

die voorkoms van korrupsie, miskennig van regsoewereiniteit, godsdienstige onverdraagsaamheid en die bestaan van 'n dominante partystelsel bring mee dat hulle nie as demokraties beskou kan word nie.

In 'n derde kategorie wat deur Freedom House geskep is, is 19 state (39 persent) as “nie vry nie” beskou. Dit is state waar inwoners wydverspreid en sistematies basiese burgerregte en -vryhede ontsê word. Hierdie state kan sonder meer as diktatoriaal of outoritêr geklassifiseer word.

Die state in Noord-Afrika is nie deur Freedom House by bogemelde syfers ingesluit nie, maar saam met die Midde-Ooste ingedeel. In dié besondere streek is dit nietemin slegs Marokko wat as “gedeeltelik vry” beskou word. Die oorblywende state resorteer in die kategorie state wat as “nie vry nie” beskou word. Dit is belangrik om te noem dat dit ten spyte van die koms van die Arabiese Lente in Noord Afrika en die omverwerping van die outoritêre regimes in Egipte, Tunisië en Libië, tans nog nie moontlik is om hierdie state se klassifikasie te verander nie (Freedom House 2012).

Voorts is dit belangrik om te beklemtoon dat daar belangrike verskille bestaan tussen die syfers soos deur Freedom House verstrekk en syfers wat weerspieël word deur die Economist Intelligence Unit (2011:27) se Demokrasie Indeks vir 2011. Volgens hierdie indeks, wat die toestand in SSA reflekteer soos dit aan die begin van Desember 2011 daar uitgesien het, kon uit 44 state slegs een staat in die suid-oostelike Indiese Oseaan met 'n bevolking van ongeveer 1,2 miljoen mense, naamlik Mauritius, as 'n “volwaardige demokrasie” beskou word. Uit die oorblywende 43 state is nege, waaronder Suid-Afrika, as “gebrekkige demokrasieë” getipeer. Hierdie groep state stem grootliks ooreen met Freedom House se kategorie “vry” state. 'n Verdere 11 is as “hibriede regimes” geklassifiseer, terwyl 23 as “outoritêre regimes” beskou is. Indien die state in Noord-Afrika ingesluit word, sou laasgenoemde kategorieë uiteraard hoër syfers gereflekteer het.

Soos die geval met Freedom House, word die Economist Intelligence Unit (2011:28–9) se Demokrasie Indeks vir 2011 ook allerweë as gesaghebbend beskou, aangesien dit gebaseer is op 60 aanwysers wat in vyf verskillende kategorieë gegroepeer is, naamlik verkiesingsproses en pluralisme, burgervryhede, funksionering van regering, politieke deelname en politieke kultuur.

Alhoewel daar verskille bestaan tussen die syfers soos deur Freedom House verstrekk en dié van die Economist Intelligence Unit, kan die afleiding nietemin gemaak word dat die huidige stand van die demokrasie in Afrika swak is. Hierdie afleiding word versterk deur syfers wat deur die Mo Ibrahim Indeks vir 2011 verstrekk is. Hierdie indeks, wat jaarliks die stand van regeringsbestuur in Afrika evalueer, toon aan dat alhoewel daar gedurende 1910 verbeterings te bespeur was in die kategorieë “volhoubare ekonomiese geleentheid” en “mense-ontwikkeling”, daar reeds sedert 2006 beduidende agteruitgang in die kategorieë “veiligheid” en “regsoewereiniteit” (36 state) en “deelname” en “menseregte” (39 state) ingetree het (Politicsweb 2011).

'n Insiggewende aspek wat deur Herbst (2007:62–3) vermeld word, is die feit dat talle state wat onder Freedom House se klassifikasie-model as “gedeeltelik vry” en “nie vry nie” beskou word, uitvoerders is van minerale en veral olie. Hy meld dat state in Afrika wie se politieke ekonomie op die uitvoer van hierdie kommoditeite gebaseer is, geneig is tot outoritarisme. Die inkomste wat deur olie- en minerale uitvoere verdien word, word deur die regimes onderskep (*captured*) en aangewend om hul magsmonopolie te behou. Die voorkoms van hierdie besondere verskynsel, waarna soms as die “hulpbron-vloek” (*resource curse*) verwys word, is egter nie tans van sodanige aard dat dit as wetmatig aanvaar kan word nie. Sowel Suid-Afrika as Botswana is state wat minerale uitvoer (weliswaar nie olie nie), maar word desondanks deur Freedom House as “vry” beskou.

Die koms van Suid-Soedan as die 54ste staat op die Afrika-vasteland gedurende Julie 2011 het ook nie 'n bydrae tot 'n toename in die getal demokrasieë gelewer nie. Die betrokke staat word nie as 'n demokrasie beskou nie, ongeag die feit dat 99 persent van die bevolking in 'n referendum ten gunste van onafhanklikheid gestem het. Tans is die Arabiese Lente die enigste ligpunt in die demokratiseringsproses in Afrika. Soos egter reeds gemeld is, is dit in hierdie stadium onduidelik of die betrokke samelewings en die revolusionêre leiers die proses met sodanige sukses sal kan deurvoer dat dit uiteindelik tot die konsolidasie van demokrasie sal lei.

Bibliografie

Baynham, S. (red.). 1985. *Military power and politics in black Africa*. Beckenham: Croom Helm.

Birmingham, D. 1995. *The decolonization of Africa*. Londen: UCL Press. Hierdie uitgawe gepubliseer deur die Taylor & Francis e-Library. 2009. (23 Februarie 2012 geraadpleeg).

Bratton, M. en N. van de Walle. 1997. *Democratic experiments in Africa. Regime transitions in comparative perspective*. Cambridge: Cambridge University Press. (5 Maart 2012 geraadpleeg).

Caramani, D. (red.) 2008. *Comparative politics*. Oxford: Oxford University Press.

Dahl, R.A. 1971. *Polyarchy: participation and opposition*. Chapter Summaries. <http://www.wikisummaries.org/Polyarchy> (1 Februarie 2012 geraadpleeg).

Decalo, S. 1985. Military rule in Africa: Etiology and morphology. In Baynham (red.) 1985. (8 Maart geraadpleeg).

Economic Commission for Africa. 2007. Relevance of African traditional institutions of governance. (22 Februarie 2012 geraadpleeg).

- Economist Intelligence Unit. 2011. Democracy index 2011. Democracy under stress. (27 Februarie 2012 geraadpleeg).
- Finer, S.E. 1970. *Comparative government. An introduction to the study of politics*. Londen: The Penguin Group.
- Freedom House. 2012. Freedom in the world. The Arab uprisings and their global repercussions. (27 Februarie 2012 geraadpleeg).
- Herbst, J. 2007. The institutionalization of democracy in Africa. *Democratization in Africa: What progress toward institutionalization?* Ghana Centre for Democratic Development, 4-6 October. Under the auspices of the US National Intelligence Council. (25 Oktober 2011 geraadpleeg).
- Heywood, A. 2002. *Politics*. 2de uitgawe. New York: Palgrave Macmillan.
- Huntington, S.P. 1991. *The third wave. Democratization in the late twentieth century*. Norman: University of Oklahoma Press.
- Mair, P. 2008. Democracies. In Caramani (red.) 2008. (20 Mei 2012 geraadpleeg)
- Matlosa, K. 2003. Political culture and democratic governance in Southern Africa. *African Journal of Political Science*, 8(1). (26 Februarie 2012 geraadpleeg).
- McGowan, P.J. en P. Nel (reds.). 2006. *Power, wealth and global equity. An international relations textbook for Africa*. 3de uitgawe. Landsdowne: UCT Press.
- Osaghae, E.E. en P.J. McGowan. 2006. Africa in the global system, 1600 to decolonization. In McGowan en Nel (reds.) 2006.
- Politicsweb. 2011. Mo Ibrahim Index 2011: How South Africa did. <http://www.politicsweb.co.za/politicsweb/view/politicsweb/en/page71654?oid=260471&sn=Detail&pid=71654> (11 Oktober 2011 geraadpleeg).
- Prempeh, H.K. 2007. The persistence of “imperial presidency” in Africa’s emerging democracies. *Democratization in Africa: What progress toward institutionalization?* Ghana Centre for Democratic Development, 4-6 October. Under the Auspices of the US National Intelligence Council. (25 Oktober 2011 geraadpleeg).
- Rakner, L., A.R. Menocal en V.F. Fritz. 2007. Democratization’s third wave and the challenges of democratic deepening: Assessing international democracy assistance and the lessons learned. Londen: Overseas Development Institute (ODI). (12 Maart 2012 geraadpleeg).
- Rummel, R.J. 1996. Democratization. <http://www.mega.nu/ampp/rummel/democ.htm> (13 Oktober 2011 geraadpleeg).

Schraeder, P.J. (red.). 2004. *African politics and society. A mosaic in transformation*. 2de uitgawe. Belmont: Wadsworth/Thomson.

Welzel, C. s.j. Theories of democratization. (28 September 2011 geraadpleeg).

—. 2006. Democratization as an emancipative process: The neglected role of mass motivations. *European Journal of Political Research*, 45. (4 Maart 2012 geraadpleeg).